Sondag, 21 November 2021
Kerssangdiens

Loof die Here, o my siel – want Hý gee om!

"Maria het toe gesê:
'My siel loof die Here, my gees jubel oor God my Verlosser,
want Hy het die nederigheid van sy diensmeisie raakgesien.
Kyk, van nou af sal alle geslagte my gelukkig noem,
want die Magtige het groot dinge vir my gedoen – ja, heilig is sy Naam.
Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan hulle wat vir Hom ontsag het.'"
(Lukas 1:46-50)

Waarom 'n Kerssangdiens, vanjaar weer, hier aan die einde van die tweede jaar onder 'n vreemde pandemie wat baie van ons ontwrig en moedeloos laat voel het? Vanwaar ons groot verskeidenheid van Kersliedere?

Dit val mens op dat die Evangelie volgens Lukas met soveel liedere begin: Daar is die aankondiging van die engel van die Here aan die gryse priester Sagaria; woorde poëties uit die ou profete en wat begin met die gerusstelling *"Moenie bang wees nie"* (Lukas 1:13-17). Dan, die engel Gabriël se woorde aan die jongmeisie Maria, eweneens uit die profete Jesaja, en wat ook begin: *"Moenie bang wees nie, Maria"* (1:30-33, 35). Daarna volg die seënwens van Elisabet, waarop Maria 'n loflied sing: *"My siel loof die Here..."* (1:46-55) – ons teks vanoggend. Ná die kleine Johannes se geboorte, sing sy vader Sagaria 'n loflied: *"Lofwaardig is die Here... Hy het Hom oor ons ontferm..."* (1:68-79). En loop dit dan uit – oor Betlehemsvelde – die koor van 'n "hemelse menigte" wat sing: *"Eer aan God in die hoogste, en vrede op aarde..."* (2:14)! Daarná volg daar ook nog die grysaard Simeon by die tempel, agt dae later, wat uitroep: *"My oë het die verlossing gesien wat God bewerk het, 'n lig vir die nasies..."* (2:29-32).

Hierdie eerste "Kersliedere" het onverwags... en tóg, lankverwag, gekom. Die verlange in ou Israel na uitkoms, na redding, na herstel van die land en heling in verhoudinge tussen generasies (1:17), na die volheid van God se teenwoordigheid en vreugdevolle aanbidding... dít alles is deur die profeteboodskappe van Jesaja en Jeremia, Miga en Maleagi, van geslag na geslag oorgedra. Tot dáárdie seisoen, dáárdie nag, toe die velde verlig lê, die sterrehemel oop, die belofte vervul. En die diep belewenis was: God ontferm Hom. God het gehoor. God help – só het die eerste "Kersliedere" een ná die ander laat hoor. En vanoggend, aan die einde van hierdie moeisame jaar, hoor ons hoe dit gewone mense se harte raak, en voeg ons ons stemme by hulle: "Loof die Here, o my siel..." – God het ons swaarkry vanjaar, raakgesien... God gee om.

JL.

Hartlik welkom by ons Kerssangdiens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Die diens word regstreeks uitgesaai ("stroom") en sal op *Facebook* en Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal gevolg kan word.

LITURGIE

Die liturgie vir hierdie Kerssangdiens word afsonderlik uitgedeel.

"My siel loof die Here, … want Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan hulle wat vir Hom ontsag het."
(Lukas 1:46 en 50)

Met dank aan ons digitale span en Roelof Botha van LaMuse wat die uitsending moontlik maak. Blomme is voorsien deur Magriet Zietsman (blomme).

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

21 Nov	Donald Laas en Elsabé Marx.
23 Nov	Ilse de Beer, Leo Engelbrecht, Logan Engelbrecht, Vanessa Johnson en Rina Visser.
24 Nov	Riana Johnson, Eben Joubert, Mia Morrison, Rina Rossouw, Hugo Theunissen en Marius Theunissen.
25 Nov	Corné Franken, Barry Poggenpoel en Peet Spies.
26 Nov	Dirk Nel en Johan van Rooyen.
27 Nov	Armand Botha, Marianne Brink, JF de Waal, Ina Fenwick en Jan Jacobsz.

Dan gaan ons gebede uit na almal wat siek is, of in hospitale en tuis aansterk: Tannie Anna Bobbert (Aliquando); Dawie Malan (Albrechtstr. 118, wyk 7a); Mike de Kock (Noorderbloem); Tannie Silma Erasmus (Albrechtstr. 73, wyk 2a); Rachelle Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Esmé Schreuder (Siësta, wyk 10); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b).

Ons vra ook voorbidding vir lidmate wat as ouderlinge en diakens vir 'n nuwe termyn in die kerkraad verkies is. Mag jul die wysheid van die Here ontvang om ons gemeente se huishouding te bestuur:

Bedieningsvoorsitters: Faan du Toit (Barmhartigheid & Getuienis); Jankie Botha (Komitee vir Eiendomme, herkies).
Wyksouerlinge: Victor Reitz (leierouderling, herkies); Cas Harris (2, herkies); Velka Laubscher (6, hierkies); Neels de Leeuw (8); Jaco de Jager (14, herkies); Corné Francken (17); Dewald König (18, herkies); Lunette Visser en Hendrik Marx (reserwes).
Wyksdiakens: Jacques Potgieter (leierdiaken); Bremer Louw (6); Albie Rossouw (12, herkies); Johannes Herbst (14); Johan Minnaar (15) en Hanri v/d Berg (reserwe).

Ons dink in ons gebede steeds aan matrieks wat met hul eindeksamen besig is, en bid hulle gesondheid, krag en deursettingsvermoë toe.

Ons hartlike gelukwense en 'n seënbede gaan ook aan Lunette Visser, wat vanjaar haar Gemeentejaar hier by ons in Berg-en-Dal gedoen het (die praktiese gedeelte van haar Nagraadse Diploma in Teologie), en afgelope Dinsdagaand gelegitimeer is as proponent in die NG Kerk. Lunette beplan om met verdere studie voort te gaan en bly ook as jeugwerker in ons gemeente aan.

Ander Eredienste:

Sondag, 21 November	15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiensafsluiting)
	18:00 – ds. J Marais: *Liefde maak die meeste saak* (Mat 22)
Sondag, 28 November	09:30 – ds. Johan Marais (Bevestiging van Kerkraadslede)
	18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé en Jaarwyding)
Sondag, 5 Desember	09:30 – ds. Jan Lubbe; Nagmaal by Siësta – ds. Johan Marais.
Sondag, 12 Desember	09:30 – ds. Jan Lubbe.

Solank as wat die huidige Vlak 1-inperkingsmaatreëls bly geld, mag ons die helfte van ons kerkgebou se kapasiteit (250 sitplekke) benut, en nooi ons daarom alle lidmate terug na ons eredienste soos hierbo aangedui. Indien daar enige veranderinge sou intree, sal ons u daaroor inlig en ook per sms kommunikeer.
Kom gesond, onthou jou gesigmasker en handhaaf veilige afstande.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag 'n bedrag van ten minste R 1 000,00 oor aan die instansie soos op die program vir sinodale deurkollektes vermeld (21 November: Fonds vir Predikantebegeleiding).

Spesiale houers is agter in die kerk geplaas vir Bybelverspreiding en die Volksblad-Omgeefonds.

SnapScan

Jy kan 'n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011,** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:
Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig…

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag die gebedsversoeke wil ontvang.
Sondagoggend 08:30 is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal, die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword…
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is nog hierdie week besig met die **Psalms**; 'n kort video, werksblad en stemboodskap word per w/a uitgestuur. Ons sluit **Woensdag-aand, 1 Desember, om 18:00** met 'n Kerspsalm en ligte aandete by die kerk af.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep werk ook aanlyn, met die boek **Amos**, die skaap- en wildevyeboer van Tekoa: *"Ware geloof het hande en voete"*. Kontak gerus vir ds. Johan by 084 517 8052 om hierby in te skakel.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:
In November sorg **Wyke 13** (Verre Weste) en **14** (Westdene) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita (083 656 1680).

Kantoorure:
Maandae tot Donderdae, 08:00-13:00; Vrydae 08:00-16:00 en Sondae 10:30-11:15.

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Maak asb. seker dat jou toestemmingsbrief by die kerkkantoor geteken is...

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING
Gemeente-ete van 28 November: Dit het geblyk dat daar nie genoeg belangstelling in hierdie wegneem-ete is nie – ons stel die projek dus uit na vroeg in volgende jaar...

Jaareind-Stilwordkans by Menuha:
Almal word uitgenooi om komende Vrydag en Saterdag, 26-27 November 2021, saam te kom na Menuha en in die mooi natuur stil te raak, God se heilsame teenwoordigheid te beleef en tot rus te kom. Ons vertrek Vrydagmiddag om 17:15 vanaf die kerkterrein en begin om 18:00 op Menuha, en keer Saterdag teen 15:00 terug na die stadslewe... Koste beloop R 350 p/p en sluit alles in. Kontak ds. Jan (082 784 9362) of die kerkkantoor vir bespreking.

Vrywillige hulp vir twee Sondagetes by Tweetoringkerk/Torings van Hoop?
Ons benodig vier vrywilligers om òf op Sondag, 28 November òf Sondag, 5 Desember by Tweetoringkerk te help met die voorbereiding van ‘n middagete vir haweloses (tussen 10:00 en 12:00 in hul kombuis). Kontak die kerkkantoor as jul kan help...

Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling @ R 99,00...
Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (2020) is tans ook in ‘n medium-grootte, hardeband uitgawe @ R 99,00 beskikbaar; bestel by die kerkkantoor – ‘n wonderlike Kersgeskenk.

***Kerkbode*-bestellings vir 2022:**
Die *Lig*-Tydskrif word nie meer bestel, maar daar kan steeds op die *Kerkbode* ingeteken word; kom bespreek jou 16 uitgawes by die kerkkantoor vir 2022 @ R 240...

GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEIDSBEDIENING
Gemeentemark:
Die laaste gemeentemark vanjaar vind plaas komende Vrydag, 26 November 2021. Enige skenkings van klere en kombuisware is steeds welkom en kan by die kerkkantoor afgelewer word, baie dankie!

VAKANTE POSTE IN KERKKANTOOR @ BERG-EN-DAL

Ons gemeente se kantoorbestuurder, Rita van Zyl, tree in Maart 2022 af. Die kerkraad het besluit om die kantooradministrasie en -finansies te herstruktureer en twee vakatures te adverteer: ‘n **Skriba-** en ‘n **kassierpos**. Ons is ook op soek na ‘n deeltydse **afloskoster**... Meer besonderhede is by oudl. Martie Bloem beskikbaar (martiebloem@gmail.com); aansoeke sluit op Vrydag, 26 November waarna ‘n kortlys van kandidate saamgestel en onderhoude gevoer sal word.